



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 MEI 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Raadsheer R F van der Westhuizen  
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdd M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 15 APRIL 2020**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 April 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 23 APRIL 2020**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 April 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 APRIL 2020

#### 5.1.1 AANSOEK OM VRYSTELLING VAN KOLLEKTIEWE SALARIS- EN LOON-OOREENKOMS (4/2/3)

Tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 April 2020 is daar 'n mandaat aan SALGA Wes-Kaap verleen om vrystelling van die Kollektiewe Salaris- en Loonooreenkoms by die Bedingingsraad (SALGBC) te bekom om nie die salarisverhoging van 6,25% ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar te implementeer nie.

SALGA Wes-Kaap het egter die Munisipaliteit op 6 Mei 2020 in kennis gestel dat elke munisipaliteit individueel moet aansoek doen om vrystelling van die kollektiewe ooreenkoms.

#### BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat aansoek gedoen word namens die Munisipaliteit in terme van Klousule 11.2 van die Kollektiewe Salaris- en Loonooreenkoms, vir vrystelling van die ooreenkoms ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar.

## 6. MAANDVERSLAE: FEBRUARIE 2020 EN MAART 2020

[Nota: Die prestasieverslae van die onderskeie direkteure is reeds aan die Raad voorgelê ingevolge die Artikel 52 MFMA-verslagdoening. Die maandverslae ten opsigte van Februarie 2020 en Maart 2020 bevat dus slegs die addisionele verslae van die betrokke direkteure.]

### 6.1 DIREKTORAAT: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Februarie 2020 en Maart 2020.

### 6.2 DIREKTORAAT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/2/2/2-6)

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Februarie 2020 en Maart 2020.

### 6.3 DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-2)

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Februarie 2020 en Maart 2020.

### 6.4 DIREKTORAAT: BESKERMINGSDIENSTE

#### 6.4.1 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

#### 6.4.2 BRANDWEERDIENSTE (7/1/2/2-3)

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direkoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Februarie 2020 en Maart 2020.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 DERDE WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/14/4/1)

Die Raad se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet in terme van artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) op 'n jaarlikse basis hersien word.

Besluit/...

7.1/...

**BESLUIT** (vir oorweging deur die Raad op 28 Mei 2020)

Dat die -

- (a) derde wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP),
  - (b) die hersiening van die areaplanne, en
  - (c) die Finansiële Plan
- vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word.

## 7.2 **BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2020/2021; 2021/2022 EN 2022/2023 (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/1/4)**

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die begroting oorweeg moet word onder die omstandighede wat deur die COVID-19 pandemie te weeg gebring word, met in ag neming van die volgende rolspelers, naamlik:

- (1) Diensverskaffers;
- (2) Finansiële instellings/banke;
- (3) Werknemers;
- (4) Munisipaliteit.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die impak van die COVID-19 pandemie nie met die opstel van die begroting bekend is nie en dat die eerste ses maande van die nuwe finansiële jaar bepalend sal wees watter aanpassings tydens die aansuiweringsbegroting gemaak gaan moet word, byvoorbeeld deur die afskaling van kapitaalprojekte.

Tydens 'n Begrotingsbeheer Komitee gehou op 7 Mei 2020 is die volgende aanbevelings oorweeg vir voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 20 Mei 2020, naamlik:

**BESLUIT** (vir oorweging deur die Raad op 28 Mei 2020)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wat die koste bevestig het soos per **(Annexure A, Section 1: 2020/21 – 2022/23 Final Budget and Tariff File)**;
- (b) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2020/21 – 2022/23 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies, oorweeg;
- (c) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

<b>FINANCING SOURCES</b>	<b>Final Budget 2020/2021</b>	<b>Final Budget 2021/2022</b>	<b>Final Budget 2022/2023</b>
External Loans	R -	R -	R -
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 126 713 237	R 109 884 479	R 72 140 243
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 21 183 000	R 22 700 000	R 23 810 000
Dept. Human Settlements	R 48 474 000	R -	R 36 760 000
Integrated National Electrification Programme	R 7 652 000	R 5 000 000	R 5 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 70 000	R -	R -
RSEP / VPUU	R 3 000 000	R -	R -
Community Safety Grant	R 611 600	R 55 000	R -
Fire Service Capacity Building Grant	R 732 000	R -	R -
Energy Efficiency Demand Side Management	R 4 000 000	R -	R -
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>R 212 435 837</b>	<b>R 137 639 479</b>	<b>R 137 710 243</b>

7.2/...

- (d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die twee individuele projekte bo R50 miljoen, aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, ingesluit die toekomstige kostes gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (e) Dat die Raad daarop let dat die opgradering van beide die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke 'n impak gaan hê op die buite jare, dit is vanaf die 2022/23 finansiële jaar en daarna – daarom was die proses soos voorgeskryf in Artikel 33 van die MFMA nagekom voor finale goedkeuring (terwyl nie meer in die vorm van 'n verhoging as gevolg van finansieringskoste nie, maar verhoogde waardeverminderingkoste);
- (f) Dat die Raad die aankoop van die Nedbank en Standard Bank geboue goedkeur teen 'n totale koopprys van R17 650 miljoen vir doeleindes om eie geboue te besit om sodoende die risiko te versag van verhoogde huurgeld betaalbaar vir die gebruik van die "Checkers", "Santam" en "Pep-geboue", uitgesluit die koste van ongeveer R6 miljoen wat toegevoeg moet word om die twee geboue oor die MTREF operasioneel te maak, met die Standard Bank-gebou wat eerste beskikbaar word vir voormelde doel (**Annexure E**);
- (g) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per (**Annexure A, Section 1: 2020/21 – 2022/23 Final Budget and Tariff File**);
- (h) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2020/2021 tot 2022/2023 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

	Oorspronklike Begroting 2019/20	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2019/20	Finale Begroting 2020/21	Finale Begroting 2021/22	Finale Begroting 2022/23
Kapitaalbegroting	143 857 572	140 815 524	212 435 837	137 639 479	137 710 243
Bedryfsuitgawes	749 828 067	757 190 607	816 163 387	897 254 161	932 024 987
Bedryfsinkomste	830 826 697	855 620 406	890 930 911	930 510 142	1 000 553 604
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(80 998 630)</b>	<b>(98 429 799)</b>	<b>(74 767 525)</b>	<b>(33 255 981)</b>	<b>(68 528 616)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	67 161 000	80 451 000	86 863 600	28 897 050	66 713 153
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>(13 837 630)</b>	<b>(17 978 799)</b>	<b>12 096 075</b>	<b>(4 358 931)</b>	<b>(1 815 463)</b>

- (i) Dat die Raad goedkeuring verleen om die gedeeltelike finansiering van R50 000 000 vir die opgradering van beide die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke te finansier uit die Raad se eie reserwes en nie meer 'n eksterne lening op te neem nie, gegewe die invloed wat die heersende hoër finansieringskoste in die mark, op die koste van die diens sal hê;
- (j) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en kortings vir die 2020/21 finansiële jaar as finaal goedkeur, soos onder gelys en in die Eiendomsbelastingbeleid;

Tabel/...

7.2(j)/...

Kategorieë van eiendomme	Tariewe (c/R)
Residensiële eiendomme	0,5160
Vakante eiendom	0,6950
Industriële eiendomme	0,7413
Sake eiendomme	0,7413
Landbou eiendomme (wat gebruik word vir landbou doeleindes)	0,1290
Landbou eiendomme wat gebruik word vir ekotoerisme	0,7413
Landbou eiendomme wat gebruik word vir handel in of jag van wild	0,7413
Mynbou eiendomme	0,7413
Eiendomme wat deur 'n staatsorgaan besit word vir openbare dienste doeleindes	0,7413
Openbare dienste infrastruktuur	0,0000
100% afslag op eiendomme wat deur openbare weldaadsorganisasies besit word wat gebruik in belang van openbare weldaadsaktiwiteite	0,0000
Eiendomme wat vir meerdoelige doeleindes gebruik word	Óf 0,7413, óf 0,5160 óf 0,1290, afhangende van toegelate gebruik
Eiendomme in landelike gebied wat gesoneer is vir besigheids-doeleindes of eiendomme ten opsigte waarvan vergunningsgebruik ingevolge die munisipaliteit se soneringskemaregulasies goedgekeur is	0,7413
Munisipale eiendomme	0,0000
Informele nedersettings, insluitend die wat voorkom op grond wat nie in residensiële erwe onderverdeel is nie	0,0000
Eiendomme verkry deur die Wet op Voorsiening van Grond en Bystand, 1993 (Wet 126 van 1993) of die Wet op die Herstel van Grondregte, 1994 (Wet 22 van 1994); of die Wet op Gemeenskaplike Eiendomsassosiasie, 1996 (Wet 28 van 1996)	Óf 0,7413, óf 0,5160, afhangende van toegelate gebruik
Bewaringsareas	0,0000
Beskermende gebiede	0,0000
National monuments	0,0000
Staatseiendomme	0,7413
'n Korting tot 'n bedrag gelykstaande aan die belasting betaalbaar op die eerste bedrag beperk tot R300 000 van die waardasie van sodanige eiendom	Kwalifiserende ouer of gestremde persone

- (k) Dat die afslag aan kwalifiserende senior burgers en gestremde persone wie eienaars is van eiendom, beperk word tot 'n maksimum van R300 000 van die totale waardasie soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid; vir die 2020/21 finansiële jaar, waarna die impak van die korting geassesser word in die konteks van die bekostigbaarheid van die verbeurde inkomste;
- (l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2020/21 – 2022/23 Final Budget and Tariff File)** as finaal goedgekeur;
- (m) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedgekeur vir die 2020/21 finansiële jaar, onderhewig aan NERSA se finale goedkeuring;
- (n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2020/21 – 2022/23)** goedgekeur word;
- (o)/...

7.2/...

- (o) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide, die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid en -Verordening asook die **wysigings** aan die Eiendomsbelastingbeleid soos vervat in (**Annexure D: Final Amendments to Budget Related Policies 2020/21**), as finaal goedgekeur word, maar dat die wysigings aan die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid en -Verordening goedgekeur word met onmiddellike effek, wat albei op die 2019/20 en 2020/21 betrekking het;
- (p) Dat die opleidingsbegroting beperk tot 0,50% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 196 912 vir die 2020/21 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;
- (q) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen (**maar spesifiek met in ag neming van die feit dat indien die vrystellingsaansoek by die SALGBC suksesvol sou wees, die goedkeuring nie meer wettig en afdwingbaar sal wees nie**) vir die volgende verhogings naamlik:
- Ten opsigte van alle personeel, uitgesluit die Munisipale Bestuurder, CFO, direkteure Siviele Ingenieurs- en Ontwikkelingsdienste, 'n verhoging van **6.25%** vir 2020/21; **6%** vir die 2021/22 en **6%** vir 2022/23 finansiële jare onderskeidelik, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging;
  - Ten opsigte van die ander artikel 56-aanstellings, 'n **6.5%** verhoging met ingang van 1 Julie 2020 (verhogings van die direkteure Korporatief, Elektries en Beskermingsdienste word gekoppel aan die ander personeelkoste wat onderhandel en bepaal word op nasionale vlak soos toegelaat);
  - Voorsiening is gemaak vir 'n **5%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (r) Dat die Raad die addisionele verhoging in die salarisrekening ter waarde van R3 363 miljoen goedkeur om die addisionele poste te finansier per **Annexure F** (dit hou slegs verband met die addisionele poste en nie die ander jaarlikse verhogings nie);
- (s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfstekort wat “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **7.8%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar en die verminderde inkomstebronne met 'n minimale groei in inkomste van slegs **4.1%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei staat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **8.1 maande** vir 2020/21, **5.4 maande** vir 2021/22 en **4.2 maande** vir 2022/23 finansiële jare (dit kan wesenslik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
  - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat 'n bedryfstekort verwag word vir 2020/21 'n bedrag van **R12 096 075** en bedryfsurplusse word verwag vir 2021/22 'n bedrag van **R4 358 931** en 2022/23 'n bedrag van **R1 815 463 (kapitale toekennings uitgesluit)**;
- (t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (u) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.4 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (v) Dat die Raad kennis neem van die insette wat tydens die openbare deelnameproses ontvang is en van die Wes-Kaapse regering deur die LGMTEC-assessering (sal vir die raadsvergadering voorgelê word);

7.2/...

**BESLUIT VERDER** (vir oorweging deur die Raad op 28 Mei 2020)

- (w) Dat die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die volgende ingesluit word in die finale begroting vir goedkeuring deur die Raad, naamlik –
- (i) 2 kl gratis water aan alle residensiële verbruikers vir die laaste drie maande van die 2019/2020 finansiële jaar en vir die res van die periode van die inperking in die nuwe finansiële jaar tot hoogstens 6 maande;
  - (ii) korting op eiendomsbelasting verhoog word vanaf R15 000 na R50 000, indien die nuwe waardasierol wel met ingang van 1 Julie 2020 geïmplementeer word, met dien verstande dat die addisionele afslag as 'n uitgawe beskou word en tot 'n verdere tekort aanleiding gee. Dat die Hoof: Finansiële Beamppte hiermee handel in lyn met die toepaslike wetgewing;
  - (iii) geen verhoging in tariewe tot en met die eerste 10 kl waterverbruik nie, en vanaf 11 kl waterverbruik 'n verhoging van 4.9%;
  - (iv) geen tariefverhoging op rioldienste, m.a.w. volstaan met die 2019/2020 tariewe;
  - (v) geen tariefverhoging op vullisverwyderingsdienste, m.a.w. volstaan met die 2019/2020 tariewe;
  - (vi) verhoging in elektrisiteitstariewe soos goedgekeur deur Eskom en Nersa van 6.22%;
  - (vii) bepaling van kriteria vir die afbetaling van munisipale rekening wat op 'n individuele basis deur die Direkteur: Finansiële Dienste hanteer sal word.

**7.3 HERSEELPROGRAM VIR STRATE: 2020/2021 FINANSIËLE JAAR (16/5/5/1)**

'n Bedrag van R18 898 000 is beskikbaar in die 2020/2021 finansiële jaar vir die herseel van strate in die Swartland munisipale gebied.

'n Lys van voorlopige strate wat ingevolge die *Pavement Management System* vir herseelwerk geïdentifiseer is, is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte herseelprogram goedkeur ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar;
- (b) Dat kennis geneem word dat die program slegs voorlopig is en aangepas kan word namate die uitgawes verbode aan die voorbereidingswerk bekend is.

**7.4 AANDUIDING VAN BELANGSTELLING: BERGRIVIER VOËLVLEI OPGAARSKEMA (16/1/1/B)**

Die verslag tot die sakelys bevat 'n breë oorsig van die *Berg River Voëlvlei Augmentation Scheme* (BRVAS) wat deur die *Trans Caledon Tunnel Authority* (TCTA) en die Nasionale Departement van Waterwese geïmplementeer staan te word.

Uit studies van die Nasionale Departement van Waterwese en die impak van die droogte in 2017 is bevind dat die *Western Cape Water Supply System* (WCWSS) dringend 'n addisionele bron van watervoorsiening benodig. Die TCTA is dus opdrag deur die Nasionale Departement van Waterwese gegee om die BRVAS-skema te implementeer.

**BESLUIT**

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die verslag;

7.4/...

- (b) Dat in reaksie op die versoek van die *Trans Caledon Tunnel Authority* (TCTA) aan waterverbruikers uit die *Western Cape Water Supply System* (WCWSS) om belangstelling in die *Berg River Voëlvele Augmentation Scheme* (BRVAS)-projek aan te dui die volgende voorgelê word:
- (i) Dat Swartland Munisipaliteit ten gunste is van die Skema Gebaseerde opsie en verder geïntereesd is in die verkryging van 'n allokasie van 2 miljoen m<sup>3</sup>/a uit die BRVAS-projek vir huishoudelike- en nywerheidsgebruik.
- (c) Dat verder kennis geneem word dat die aanduiding van belangstelling geen verbintenis te weeg bring nie en dat die verkryging van 'n allokasie uit die BRVAS-projek verder onderhewig is aan die volgende:
- (i) die suksesvolle sluit van 'n rou water voorsieningsooreenkoms vir die betaling van die kostes verbonde aan die BRVAS-projek tussen die waterverbruiker en die Departement van Water en Sanitasie; en
- (ii) die goedkeuring van 'n water allokasie deur die Departement van Water en Sanitasie vanuit die BRVAS; en
- (iii) die uitreiking van 'n watergebruiklisensie deur die Minister ingevolge die bepalings van die Nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998.

## 7.5 **MUNISIPALE BEHUISINGSPPLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN**

Die aangehegte behuisingspyplyn gee gestalte aan die Behuisingsstrategie van Swartland Munisipaliteit. Die behuisingspyplyn word deur die provinsiale Departement van Menslike Nedersettings gebruik in die opstel van 'n besigheidsplan om vir nasionale befondsing aansoek te doen.

### **BESLUIT**

- (a) Dat die aangepaste Behuisingspyplyn soos voorgelê, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in beginsel aanvaar word, onderhewig daaraan dat dit met alle raadslede gewerkwinkel sal word;
- (b) Dat die voorgestelde Behuisingspyplyn 'n beplanningsdokument is en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe en indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat kennis geneem word dat daar 'n aanvang geneem sal word gedurende Mei/Junie 2020 met die installering van dienste ten opsigte van Malmesbury: De Hoop Behuisingsprojek;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat die befondsing van die projekte gemerk met \*, op die Behuisingspyplyn addisioneel is tot die Munisipaliteit se DORA-toekenning.

## 7.6 **HERSIENING VAN BEHUISINGSALLOKASIE-BELEID (17/4/2/B)**

Die wysiging van die Behuisingsallokasie-Beleid word genoodsaak deur veranderde interne en eksterne omstandighede, onder andere, die onlangse Omsendbrief ontvang vanaf die Departement van Menslike Nedersettings om die ouderdom van begunstigdes wat kwalifiseer vir 'n geleentheid te wysig vanaf 35 jaar en ouer na 30 jaar en ouer.

### **BESLUIT**

- (a) Dat die gewysigde Behuisingsallokasie-Beleid, soos voorgelê, met onmiddellike effek aanvaar word, onderhewig daaraan dat dit met alle raadslede gewerkwinkel sal word;

7.6/...

- (b) Dat kennis geneem word van die Departement van Menslike Nedersettings se versoek om tydens allokasie van geleenthede voorkeur te gee aan begunstigdes 30 jaar en ouer;
- (c) Dat kennis geneem word dat die bestaande waglyste van Ilinge Lethu en Malmesbury geïntegreer gaan word in een waglys en die geleenthede in die Malmesbury: De Hoop Behuisingsprojek toegeken sal word in terme van datum van aansoek;
- (d) Dat, tydens elke behuisingsprojek die lys van geïdentifiseerde begunstigdes van daardie projek aan die Raad se Behuisingskomitee voorgelê sal word vir goedkeuring;
- (e) Dat die Behuisingskomitee wat verkies is uit die begunstigdes van elke voorgenome projek aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir goedkeuring.

#### **7.7 BEKOSTIGBARE HUURBEHUISINGSTRATEGIE EN –PLAN (17/4/2/B)**

Die behoefte is geïdentifiseer om bekostigbare huurbehuising te voorsien aan huishoudings met 'n lae- tot middelinkomste (R1 500 tot R15 000) binne die goedgekeurde herstruktureringsones van die Munisipaliteit.

Huishoudings in hierdie inkomstekategorie het 'n ernstige behoefte aan bekostigbare en voldoende huurbehuising in gebiede met toegang tot sosio-ekonomiese geleenthede en geriewe.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die aangehegte strategiese dokument met die titel "*Affordable Rental Housing Strategy and Plan*" goedgekeur word;
- (b) Dat die sosiale behuisingsprojekte geïmplementeer word in die geïdentifiseerde gebiede waar genoegsame grootmaatdienste beskikbaar is;
- (c) Dat die uitvoering van die projekte onderhewig is aan die verkryging van addisionele fondse vanaf die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings.

#### **7.8 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: KONSEP BELEID INSAKE VROEË KINDERONTWIKKELING (17/2/B)**

Die Sosiale Ontwikkelingstrategie van die Munisipaliteit het ses strategiese fokusareas, waarvan een is om die wettiging van vroeë kinderonwikkelingsfasiliteite en vroeë kinderonwikkeling te bevorder.

Die vroeë kinderonwikkelingsfase word as die belangrikste beskou in die ontwikkeling van elke mens en behels fisiese, emosionele en sosiale ontwikkelingsaspekte.

Rdl O M Stemele versoek dat die Munisipaliteit vroeë kinderonwikkelingsfasiliteite bystaan om hul korrekte registrasie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkelingsdienste te bekom om verdere finansiële ondersteuning te ontvang.

Die voorsitter noem dat die Munisipaliteit sal moet oorweeg om, soos in die geval van ouetehuse, 'n subsidie te gee aan geregistreerde vroeë kinderonwikkelingsfasiliteite.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die konsep Swartland Munisipale Vroeë Kinderontwikkelingsbeleid, soos voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, in beginsel aanvaar word;

7.8/...

- (b) Dat die proses om die finale dokument te formuleer in die 2020/2021 finansiële jaar voortgesit word met 'n publieke deelnameproses (ingesluit konsultasie met wykskomitees), asook gebaseer op die riglyne van die taakspan soos gefasiliteer deur SALGA, ten einde die beleid teen einde 2021 te implementeer;
- (c) Dat kennis geneem word van die finansiële implikasies ten opsigte van korting of gratis dienste aan vroeë kinderontwikkelingsfasiliteite wanneer die finale dokument in die 2020/2021 finansiële jaar goedgekeur sal word.

#### **7.9 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: KONSEP BELEID INSAKE PERSONE MET GESTREMDHEDE (17/2/B)**

Daar is gedurende 2018 'n aanvang geneem met 'n proses om te fokus op persone met gestremdhede in die Swartland munisipale gebied. Die proses het 'n interne fokus (aanvaarding van Swartland Munisipaliteit: Beleid insake Gestremdhede met ingang van 1 Desember 2018) en eksterne fokus (om, onder andere, die munisipale kantore meer toeganklik te maak vir diegene met gestremdhede).

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Swartland Munisipaliteit: Beleid insake Persone met Gestremdhede soos voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in beginsel aanvaar word;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar gedurende die 2020/2021 finansiële jaar 'n publiek deelnameproses met alle rolspelers (ingesluit wykskomitees) gevolg sal word om die beleid te finaliseer vir implementering teen einde 2021;
- (c) Dat kennis geneem word van die finansiële implikasies ten opsigte van die ontwikkeling van persone met gestremdhede wanneer die finale dokument goedgekeur sal word vir implementering gedurende die 2020/2021 finansiële jaar.

#### **7.10 KONSEP PLAASLIKE DWELM AKSIEPLAN (17/2/B)**

Die verslag tot die sakelys bevat 'n volledige agtergrond van die prosesse en konsultasie wat sedert Maart 2014 plaasgevind het met die stigting van die Swartland Plaaslike Dwelm Aksiekomitee (LDAC) deur die burgemeester.

LDAC-vergaderings word op 'n maandelike basis gehou met nuwe rolspelers wat gereeld tot die proses toetree. Daar sal dus na die afloop van die nasionale inperking 'n indiepte konsultasieproses gevolg moet word om 'n holistiese aksieplan vir die Swartland op te stel.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die vordering wat gemaak is met die opstel van die Plaaslike Dwelm Aksieplan en -beleid;
- (b) Dat die aangehegte konsep Plaaslike Dwelm Aksieplan en -beleid gedurende 2020/2021 met die publiek, ingesluit wykskomitees, gekonsulteer sal word ten einde insette te verkry om 'n finale beleidsdokument op te stel;
- (c) Dat kennis geneem word dat die finansiële implikasies vir die implementering van die aksieplan nie op hierdie stadium bepaal kan word, alvorens daar deeglik met die publiek gekonsulteer is nie;
- (d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die konsep Plaaslike Dwelm Aksieplan in beginsel aanvaar, met dien verstaande dat die finale dokument in 2020/2021 gefinaliseer sal word.

### 7.11 KONSEP “ECONOMIC MOBILITY SPATIAL PLAN” VIR DIE SWARTLAND (15/2/2/1)

Ekonomiese mobiliteit kan gedefinieer word as ‘n individu of ‘n huishouding se vermoë om hul ekonomiese status te verbeter, gewoonlik gemeet aan inkomste. Dit is dus belangrik dat ekonomiese geleenthede deur middel van die *Economic Mobility Spatial Plan* geskep word vir mense om hul lewensstandaarde en welstand te verbeter.

Die volgende intervensies is ontwikkel om die ekonomiese mobiliteit van inwoners in die Swartland munisipale area te bevorder, naamlik:

- Voorsiening van besigheid- en nywerheid gesoneerde grond met die oog op die nabyheid aan die werkplek;
- Voorsiening van gemotoriseerde vervoer met die oog op toegang tot geleenthede;
- Voorsiening van informele handelaarsareas en grondgebruiksvoorwaardes vir klein besighede met die oog op besighedsgeleenthede;
- Voorsiening van maatskaplike geriewe en grondgebruiksvoorwaardes met die oog op die bevordering van gesondheid en opvoeding.

#### BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die inhoudelike van die *Economic Mobility Spatial Plan* in beginsel aanvaar;
- (b) Dat die dokument vir interne kommentaar, ingesluit alle raadslede en wykskomiteeëde, gesirkuleer word;
- (c) Dat enige kommentaar wat ontvang word vir volledigheidshalwe oorweeg word vir toevoeging tot die dokument;
- (d) Dat die volledige dokument aan die Raad vir goedkeuring voorgelê moet word.

### 7.12 HERSIENING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE EN VERWANTE BELEIDE (6/2/2/B)

Die Kommunikasiestrategie vir die periode 2017-2022 en verwante beleide word op ‘n jaarlikse basis hersien om, onder andere, tred te hou met die wysigings aan die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.

Die wysigings aan die Publieke Deelname beleid spruit voort uit die protesoptoge en druk wat op die Munisipaliteit geplaas word om met drukgroepe te kommunikeer.

#### BESLUIT

- (a) Dat die 2017-2022 Kommunikasiestrategie gewysig word soos voorgehou vir implementering met ingang vanaf 1 Junie 2020, met dien verstande dat daardie wysigings wat verband hou met voorgestelde wysigings aan die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, wel goedgekeur word wanneer lg. aan die Raad voorgelê word,
- (b) Dat die gewysigde Publieke Deelname beleid ook goedgekeur word met ingang vanaf 1 Junie 2020, en kennis geneem word dat die beleide met betrekking tot Kommunikasie en Sosiale Media geen hersiening vereis nie.

### 7.13 HERSIENING VAN MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/3)

Die firma, C K Rumboll en Vennote, is aangestel om die Menslike Nedersettingsplan te hersien wat ook in lyn moet wees met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk en Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Raad.

#### BESLUIT

- (a) Dat die gewysigde Menslike Nedersettingsplan, soos gesirkuleer met die sakelys, in beginsel aanvaar word;

7.13/...

- (b) Dat die uitvoering van die projekte soos voorgestel in die Behuisingspyplyn onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die Behuisingspyplyn jaarliks aangepas word in ag genome die DORA-toekenning aan die Raad en ander faktore wat verpligtinge en behoeftes op die Raad plaas;
- (d) Dat daar kennis geneem word van die Departement van Menslike Nedersettings se versoek om tydens die allokasie van wonings voorkeur te gee aan begunstigdes 30 jaar en ouer;
- (e) Dat goedkeuring van die Menslike Nedersettingsplan onderworpe daaraan is dat 'n werkwinkel met alle raadslede gehou sal word, waartydens sodanige plan asook die voorgestelde Behuisingtoekenningsbeleid bespreek sal word.

**7.14 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2020 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2020.

**7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 37359 (8/1/B/2)**

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 37359, is noodsaaklik om 'n volgehoue vullisverwyderingsdiens in Malmesbury te lewer. Die kompakteerder van die vragmotor het onklaar geraak en 'n kwotasie is vanaf *Transtech* bekom.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van vullisverwyderingsvragmotor, CK 37359, deur *Transtech* ten bedrae van R45 484.52 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
  - (ii) Voormelde sou lei tot vermindering in kapasiteit om die vullisverwyderingsdiens volhoubaar te lewer wat 'n publieke gesondheidsrisiko inhou;
  - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R45 484.52 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e)/...

7.16/...

- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 43815 (8/1/B/2)**

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 43815, is noodsaaklik om 'n volgehoue vullisverwyderingsdiens in Malmesbury te lewer. Die kompakteerder van die vragmotor het onklaar geraak en 'n kwotasie is vanaf *Transtech* bekom.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van vullisverwyderingsvragmotor, CK 43815, deur *Transtech* ten bedrae van R65 919.79 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
  - (ii) Voormelde sou lei tot vermindering in kapasiteit om die vullisverwyderingsdiens volhoubaar te lewer wat 'n publieke gesondheidsrisiko inhou;
  - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R65 919.79 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 200 KOSPAKKIES VIR DIE GEMEENSKAP (SPAR, DARLING)**

'n Bedrag van R850 000.00 is deur die Departement van Plaaslike Regering aan Swartland Munisipaliteit beskikbaar gestel om eersgenoemde by te staan in die uitrol van die humanitêre hulpverleningsprogramme gedurende die COVID-19 pandemie deur, onder andere, die uitgee van kospakkies aan hulpbehoewende huisgesinne.

Die hulpbehoewende huisgesinne is geïdentifiseer op grond van die kriteria wat deur die Departement van Gemeenskaplike Ontwikkelingsdienste daar gestel is. 'n Koepon is aan die begunstigde uitgereik as bewys om by die betrokke kettingwinkel in te dien om die kospakkie te kollekteer.

Verskeie kettingwinkels in die Swartland munisipale area is genader om kwotasies vir kospakkies te voorsien ten einde (1) regverdige ekonomiese verdeling te bewerkstellig, (2) te verseker dat begunstigdes die kospakkie by die naaste kettingwinkel kan kollekteer en (3) om te verhoed, met die oog op sosiale distansiëring, dat begunstigdes in lang rye staan om kospakkie te kollekteer.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b)/...

7.18/...

- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 200 kospakkies vanaf Darling Spar vir die bedrag van R76 122.00 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Darling Spar het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van kospakkies aan die gemeenskap word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R76 122.00 (verskaffer nie BTW geregistreer nie) teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.19 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 200 KOSPAKKIES VIR DIE GEMEENSAP (CHECKERS, MALMESBURY)**

[Sien aanhef onder item 7.18.]

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 200 kospakkies vanaf Checkers Malmesbury vir die bedrag van R79 010.00 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Checkers Malmesbury het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van kospakkies aan die gemeenskap word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R79 010.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 200 KOSPAKKIES VIR DIE GEMEENSAP (SPAR, MOORREESBURG)**

[Sien aanhef onder item 7.18.]

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b)/...

7.20/...

- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 200 kospakkies vanaf Moorreesburg Spar vir die bedrag van R74 768.00 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Moorreesburg Spar het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van kospakkies aan die gemeenskap word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R74 768.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.21 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 600 KOSPAKKIES VIR DIE GEMEENSAP (SPAR, MALMESBURY)**

[Sien aanhef onder item 7.18.]

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 600 kospakkies vanaf Malmesbury Superspar vir die bedrag van R197 718.00 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Malmesbury Superspar het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van kospakkies aan die gemeenskap word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R197 718.00 (BTW ingesluit) teen 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **7.22 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 800 KOSPAKKIES VIR DIE GEMEENSAP (PICK 'N PAY, RIEBEEK-WES)**

[Sien aanhef onder item 7.18.]

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b)/...

7.22/...

- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 800 kospakkies vanaf Pick 'n Pay, Riebeek-Wes vir die bedrag van R237 488.00 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Pick 'n Pay, Riebeek-Wes het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van kospakkies aan die gemeenskap word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R237 488.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

### **7.23 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE AANKOOP VAN TERMOMETER (8/1/B/2)**

Artikel 8 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 vereis dat die werkomgewing sover as prakties moontlik veilig en sonder risiko's voorsien en onderhou word.

Met die uitbreek van die COVID-19 pandemie is die meting van temperatuur van personeel en persone wat die werkplek betree een van die voorsorgmaatreëls om die moontlike besmetting van die virus waar te neem.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 100 kontaklose Infrarooi Termometers (PC868) vanaf *Legg and Wessel* vir die bedrag van R227 700.00;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Maatreëls ten opsigte van die COVID-19 pandemie is nuut vir die wêreld, Suid-Afrika en ook die werkplek;
  - (ii) Die aankoop van Infrarooi Termometers is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R227 700.00 teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

### **7.24 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN MASKERS EN HANDSKOENE VIR BESKERMING TEEN COVID-19 VIRUS (8/1/B/2)**

Die verspreiding van die COVID-19 virus het munisipaliteite genoodsaak om dringend voorkomende maatreëls in te stel om werknemers teen die virus te beskerm deur, onder andere, maskers en handskoene as beskermende toerusting (PPE) te voorsien.

7.24/...

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van maskers en handskoene vanaf *GAP Way Communications* vir die bedrag van R59 950.00 (verskaffer nie BTW geregistreer nie);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) *GAP Way Communications* het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die hande-ontsmettingsmiddel te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die uitreiking van beskermende toerusting aan amptenare vir beskerming teen die Covid-19 virus word as dringende en 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R59 950.00 (verskaffer nie BTW geregistreer nie) teen posnommer 508069006841 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.25 VOORRAADOPNAME: 2020 (6/1/1)**

Die jaarlikse voorraadopname vind plaas op 24 Junie 2020.

**BESLUIT**

- (a) Dat rdh R F van der Westhuizen (vergesel deur rdl O M Stemele of rdl P E Solomons) ten opsigte van Malmesbury en rdd M van Zyl (vergesel deur rdl O M Stemele of rdl P E Solomons) ten opsigte van Moorreesburg aangewys word om toesig te hou oor die voorraadopname by die onderskeie store;
- (b) Dat kennis geneem word dat die voorraadopname stiptelik om 09:00 op 24 Junie 2020 'n aanvang sal neem by die hoof magasyn te Malmesbury.

**7.26 VERSOEK VIR ONDERSTEUNING AAN VOEDINGSKEMA / SOPKOMBUISE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE AREA**

[Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, verlaat die lokaal vir die bespreking van die item, weens familiebande met lede op die bestuur van die ACVV en versoek die Uitvoerende Onderburgemeester om as voorsitter op te tree. Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, verlaat ook die lokaal weens familiebande met lede op die bestuur van Darling Outreach.]

Die gemeenskap verwag van Swartland Munisipaliteit om hulp te verleen gedurende die Covid-19 pandemie. Die Munisipaliteit kon daarin slaag om ingevolge sy mandaat ononderbroke basiese dienste aan gemeenskappe te lewer met die aantal essensiële personeel wat vir hierdie doeleindes aan diens mag gewees het.

Daar is egter ander regeringsfere wat nie in staat is om uitvoering te gee aan regeringsprogramme ingevolge hul mandate gedurende die Covid-19 pandemie nie. 'n Bedrag van R850 000 is derhalwe aan die Munisipaliteit beskikbaar gestel om die Wes-Kaapse Plaaslike Regering by te staan om uitvoering te gee aan die humanitêre hulpverleningsprogram.

Besluit/...

7.26/...

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word en dienooreenkomstig goedkeuring verleen word dat uitgawes wat aangegaan staan te word vir humanitêre hulpverlening as onvoorsiene en onvermydelike uitgawes beskou word ten einde 'n ramp van hongersnood af te weer;
- (b) Dat 'n bedrag van R500 000,00 in die 2019/2020 finansiële jaar, en moontlik 'n verdere bedrag van R350 000,00 deur middel van aansuiwering, deur Swartland Munisipaliteit beskikbaar gemaak word vir ondersteuning aan voedingskemas/sopkombuise;

**BESLUIT VERDER**

- (c) Dat 'n vergadering met die Leier Organisasies gereël word om in oorleg met die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n besluit te formuleer insake ondersteuning aan voedingskemas/sopkombuise in die Swartland munisipale area.

**7.27 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN HANDE-ONTSMETTINGSMIDDEL TEEN BESKERMING VAN DIE COVID-19 VIRUS (8/1/B/2)**

Die verspreiding van die COVID-19 virus het munisipaliteite genoodsaak om dringend voorkomende maatreëls in te stel om werknemers teen die virus te beskerm deur, onder andere, hande-ontsmettingsmiddel as beskermende toerusting (PPE) te voorsien.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 1 000 liter hande-ontsmettingsmiddel vanaf *NH Civil Contractors* vir die bedrag van R44 000.00 (verskaffer nie BTW geregistreer nie);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) *N H Civil Contractors* het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die hande-ontsmettingsmiddel te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die uitreiking van beskermende toerusting aan amptenare vir beskerming teen die Covid-19 virus word as dringende en 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R44 000.00 (verskaffer nie BTW geregistreer nie) teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.28 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN VERVERSINGS/ETES VIR VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSBEAMPTES TYDENS NASIONALE INPERKING (8/1/B/2)**

Die Verkeers- en Wetstoepassingsdienste word beskou as 'n essensiële diens gedurende die nasionale inperking om ondersteuning te verleen aan die SAPD en ander rolspelers. Die werksure van beamptes is aangepas vanaf 8 ure per skof na 12 ure per skof ten einde effektiewe polisiëring van die Regulasies uit te oefen.

7.28/...

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van Malmesbury Superspar vir die voorsiening van verversings/maaltye aan die Verkeer- en Wetstoepassingsbeamptes;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Malmesbury Superspar was die enigste diensverskaffer wat gedurende die ramptoestand bereid was op verversings/maaltye te voorsien aan 56 Verkeers- en Wetstoepassingsbeamptes;
  - (ii) Die beamptes het 12 ure skofte gewerk sonder enige etensbreuke weens die kompleksiteit van die werk, en hoofsaaklik weens die noodtoestand wat vereis het dat beamptes om hul poste bly;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R74 556.94 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/231-355-31 (rampbestuur) verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**